

Om 'n gesindheid vir sielredding te kweek



Sabbatmiddag

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Joh. 4:27-30 en verse 39-42, asook Matt. 15:21-28, 2 Tess. 1:1-4, Rom. 15:7, Ef. 4:32 en 1 Pet. 3:15.

Geheeteks:

“In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe” (1 Pet. 3:15, NAB).

Hoe meer 'n mens Jesus se lewe bestudeer, hoe groter die verwondering oor die Heiland se vermoë om mense te aanvaar en hul menswees te erken. Hoewel Hy die godsdienstige leiers van sy tyd skerp gekritiseer het, was Jesus vreeslik ontvanklik teenoor diegene wat met sonde gespook het, so ook teenoor diegene wat swaar aan hul sondelas gedra het, en teenoor dié wat as gedoemdes verwerp is. Sy genade was vir hulle. Selfs vir die laagste sondaar het Hy medelye gehad. Die omvang van sy vergifnis was oneindig groter as hul grootste sonde. Aan sy liefde was – en is – daar geen einde nie. Nie eers 'n sweempie hoogmoed of meerderwaardigheid was by Jesus te vinde nie. Elkeen het Hy behandel as een wat na die beeld van God geskape is, wat ongelukkig deur sonde tot 'n val gebring is, maar wat Hy nou gekom het om te red. Almal was sy liefde beskore. Almal – ongeag hul sonde – was binne bereik van sy genade. Aan almal met wie Hy in aanraking gekom het, het Hy respek betoon. Hy het hulle menswaardigheid erken. Hy het ander positief vir die koninkryk beïnvloed omdat Hy in hulle geglo het. In sy teenwoordigheid is hul lewens verander omdat Hy so diepbesorgd oor hulle was. Uit die sak en as van sonde het hulle verrys. Hulle het die hoogtes aangedurf wat Jesus in hulle raakgesien het. In hierdie week se les bekyk ons die volgende van nader: Jesus se houding en gesindheid teenoor mense en hoe om dit as grondbeginsel in ons eie lewens toe te pas.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 29 Augustus.*

'n Ontvanklikheid vir die Evangelie

Lees Johannes 4:27-30 en verse 39-42. Let op Jesus se interaksie met die Samaritaanse vrou. Dit onderstreep 'n belangrike waarheid – naamlik dat mense van alle lewensterreine en groeperinge ontvanklik vir die evangelie kan wees, selfs in die mees onverwagse plekke. Waarom is dit so 'n goeie voorbeeld van hierdie werklikheid?

Samaria was die laaste plek waar die dissipels 'n ontvanklikheid teenoor die evangelie te wagte sou wees. Die Samaritane het gedurigdeur met die Jode kopgestamp oor leerstelling en aanbidding. Hul vyandskap het reeds dekades geduur. Die Samaritane wou aan die tempelherbouingsprojek in Jerusalem deelgeneem het, maar is vanweë hul ondertrouery met persone vanuit die heidense nasies om hulle, en vanweë hul eenaardige sienings, uitgesluit. So het die Samaritane dan hul eie tempel op Gerisimberg gebou. Die dissipels was al te gretig om Samaria oor te sien. Vir hulle was dit onvrugbare grond, 'n plek wat 'n swak siele-oes sou oplewer. Jesus het egter iets gesien wat die dissipels misgekyk het: ontvanklike harte. Let op die inleidende woorde van Johannes se weergawe van dié verhaal: “Jesus... het... Judea verlaat en weer na Galilea toe gegaan. Hy moes deur Samaria gaan” (*hfst. 4 verse 3 en 4, OAB*). Al die beskikbare Afrikaanse vertalings dui op 'n noodgedwongenheid, maar die New King James-vertaling dui op 'n behoefte: “He left Judea and departed again to Galilee. But He needed to go through Samaria” (*klem verskaf*). Met ander woorde: Hy wou graag daardeur gegaan het nadat die influisterende Gees Hom op die ontvanklikheid van daardie mense gewys het, mense by wie die Jode nie so iets te wagte is nie. Wanneer 'n mens die lewe met Geesvervulde oë bekyk, sien jy moontlikhede waar ander net magdom hindernisse sien. Jy sien 'n ryke siele-oes vir die koninkryk waar ander hope onvrugbare grond sien.

Lees Handeling 8:4, 5 en 14. Wat was die uiteinde van Jesus se besoek aan, en bediening in, Samaria?

As dit van die dissipels afgehang het, sou hulle nooit deur Samaria gegaan het nie; met die gevolg dat die Samaritane nie die kans sou kry om die waarheid uit die Woord te hoor nie. Jesus het inderdaad iets gesien wat die dissipels misgekyk het. Hy kon sien dat die influisterende Gees die vrou by die put ontvanklik teenoor die Woord gemaak het. Haar dramatiese bekering het talle dorpenaars positief teenoor die blye boodskap gestem. Onthou net: Om vir Christus te getuig, beteken nie altyd kitsresultate nie. As 'n mens egter die saadjies in die harte plant wat God voorberei het, sal dit eendag 'n ryke oes tot eer van die Here oplewer.

'n Mens weet nooit watter uitwerking jou woorde en dade op ander het nie, hetsy ten goede of ten kwade. Hoekom moet 'n mens dus altyd let op die dinge wat jy voor ander sê en doen?

'n Verandering in gesindheid

'n Mens se gesindheid of houding bepaal dikwels jou oorredingsvermoë. 'n Nors, kritiese en onvriendelike houding gaan mense afstoot. Selfs al kry jy dit reg om te getuig, is die kans dat mense na jou gaan luister betreklik skraal, al is wat jy sê ook hoe waar. Daarenteen, voel ander tot 'n mens aangetrokke deur 'n positiewe ingesteldheid en gesindheid. En deur te toon dat jy in jou medemens glo. Sodoende smee jy vriendskapsbande. Hierdie beginsel het Jesus so netjies toegelig met die dienaar-vriend-beeld: "Ek noem julle nie meer diensknegte nie, omdat die dienskneg nie weet wat sy heer doen nie. Maar Ek het julle vriende genoem, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het" (Joh. 15:15, OAB). Vriende aanvaar mekaar ten spyte van hul swakhede en foute, en deel hul vreugde en vrese vrylik.

Lees Matteus 15:21-28 en Markus 14:6-9. Hierdie teksverse praat beide van twee vroue, maar vroue wie se omstandighede hemelsbreed verskil het. Dit lyk of Jesus kwaai met die een was, maar saggies met die ander te werk gegaan het. Watter aanduidings het 'n mens egter in hierdie skrifgedeeltes dat Jesus nietemin met sy reddende genade na albei uitgereik en 'n vertrouensverhouding met hulle probeer bou het?

Die vrou in Matteus 15 is 'n Kanaäniet. Aanvanklik weier Jesus haar versoek sodat sy, namate sy aanhou probeer, kan toeneem in die geloof. Uiteindelik staan Hy haar versoek toe. Toe sê Jesus iets aangrypends, iets wat geen godsdienstige leier in die destydse Judea ooit aan 'n arm, Kanaänitiese vrou sou sê nie. In die openbaar sê Hy: "Mevrou... jou geloof is groot!" (*Matt. 15:28, NAB*). Hy gee haar een van die grootste pluimpies wat enige godsdienstige leier ooit kon gee. Kan jy jou dit voorstel? – die blydskap in haar hart en die ommeswaai in haar lewe! Die vrou wat Jesus se voete met duur parfuim gesalf het, was 'n Jood – 'n vroue van losse sedes wat male sonder tal liederlik gefaal en aanhoudend gesondig het – maar wat nietemin vergewe, getransformeer en innerlik vernuwe is. Terwyl ander haar kritiseer, komplimenteer Jesus haar. Die weldaad wat sy verrig het, het sy goedkeuring weggedra. Let op sy woorde: "Dit verseker Ek julle: Oral waar die evangelie in die hele wêreld verkondig word, sal daar ook vertel word wat sy gedoen het, tot 'n herinnering aan haar" (*Mark. 14:9, NAB*).

Hierdie twee verhale laat 'n mens met die vraag: wat is die kernbeginsels van 'n innemende gesindheid ter wille van die Meester en ons medemens? Op watter maniere moet 'n mens jou gesindheid verander; en nie net vir sielredding nie, maar ook teenoor die lewe as 'n geheel?

Om die Waarheid met liefde oor te dra

Vriendskap is egter nie al wat tel wanneer gelowiges siele vir Christus probeer wen nie. 'n Mens kan immers baie vriende hê, mense by wie jy lekker kuier en wie se samesyn jy vreeslik geniet. Tog het 'n mens, in terme van ewige dinge, geen impak as jy nooit met hulle praat oor wat Jesus vir jou beteken en hoe Hy jou lewe verander het nie. Ten spyte van die genot wat hulle uit jou geselskap put, moet 'n mens in gedagte hou: ons is tot hoër dinge geroepe, om meer as net “aangename geselskap” vir ander wees. Om mense na Christus te lei, behels meer as net vriendskap. Tog kan 'n onvriendelike gesindheid mense afstoot – van Christus en die evangelie. Die apostel Paulus herinner gelowiges om “in liefde die waarheid” te praat (*Ef. 4:15, OAB*). Vriendskapsbande word gesmee wanneer 'n mens soveel as moontlik met ander saamstem; wanneer jy jou aanvaarding toon, en hulle op die regte tye vir die regte dinge komplimenteer. Ons behoort die gewoonte aan te kweek om die goeie, in plaas van die sleg, in ander raak te sien. Dit is onontbeerlik!

Lees 2 Tessalonisense 1:1-4. Stel 'n lys op van bepaalde dinge waarvoor Paulus die gelowiges daar prys.

Sommige mense skep vreeslik behae in foutvind. Dit wil voorkom of hulle 'n genot uit ander se flaters put, al is dit net om beter oor hulself te voel. Paulus was net mooi die teenoorgestelde. Hy het na die mooi in die gemeentes wat hy bedien het, gesoek. Natuurlik het hy wel verkeerde optrede en denkwyses uitgewys, en sonde is ook nie verskoon nie. Nietemin was die opbou van die gemeentes wat hy gevestig het vir hom die hoofsaak. Om pertinent dinge wat hulle reg gedoen het uit te wys, was een van sy opboutegnieke. Let op die volgende Ellen G. White-aanhaling. Haar kommentaar oor die smee van opbouwende bande met ander en hoe belangrik dit is, is besonder merkbaar. “As ons ons net voor die Here wou verootmoedig; en vriendelik, hofflik, sagmoedig en barmhartig teenoor ander wou wees; sou daar 'n honderd gesprekke oor die waarheid kon wees, waar daar nou net een is” (*Testimonies for the Church*, vol. 9, bl. 189).

Bepens Ellen G. White se woorde hierbo. Hoe sou die kerk daar uitgesien het as elke lid van vriendelikheid, hofflikheid, sagmoedigheid en medelye oorgeloop het? Hoe sou die kerk vaar as dit so moes gaan? Doen 'n bietjie introspeksie en vra jou af: hoe kan ek myself in dié verband verbeter.

Die grondslag van aanvaarding

Lees Romeine 15:7 en Efesiërs 4:32. Op watter grondslag, dink jy, berus alle aanvaarding? Wat is die essensie van dié houding?

In hierdie twee skrifgedeeltes gee Paulus die grondbeginsels van ons wedersydse aanvaarding. Kan ons werklikwaar weier om mekaar te vergewe en te aanvaar, siende dat Christus elkeen van ons vergewe en aanvaar het? Om die waarheid te sê, dit is juis omdat Jesus ons ontvang het dat ons mekaar kan ontvang, ten spyte van die foute wat die een in die ander bespeur.

Dink goed hieroor na. Neem bestek van jou lewe en dink aan die dinge wat jy al verkeerd gedoen het, asook swakhede waarmee jy dalk nog steeds spook – dalk dinge waarvan ander mense nie weet nie, dinge waarvan ander mense tog net nooit moet uitvind nie. Kyk wat doen Christus ten spyte van hierdie swakhede en flaters: deur geloof ontvang jy sy aanvaarding, van die een wat al jou geraamtes in die kas weet. Wat meer is, Hy doen dit nie oor jou eie goedheid nie, maar oor Syne. Wat behoort jou en my gesindheid teenoor ander dus te wees?

Party mense sukkel hiermee. Opregte aanvaarding beteken dat 'n mens ander aanvaar soos hulle is, mét al hulle sondige gewoontes. Waarom? Omdat hulle mense is wat na die beeld van God geskape is. Danksy Christus se soendood “toe ons nog sondaars was” – 'n soendood waardeur Hy ons “met God versoen” het toe ons nog in vyandskap met Hom geleef het – kán ons ander vergewe en aanvaar. Sy liefde teenoor die mens is die ware grondslag van ons aanvaarding en vergewensgesindheid teenoor ander (*Rom. 5:6-10, OAB*). Sodra bande van omgee en aanvaarding egter gesmee en heg gebind is, moet 'n mens soms ander persoonlik en op 'n liefdevolle wyse met bybelwaarheid konfronteer. Jy verwaarloos die liefde as jy nalaat om dit te doen. As iemand se vriend behoort 'n mens genoeg vir daardie persoon om te gee om lewensveranderende en ewige waarhede met hom/haar te deel.

Jesus se gesindheid was nie: “Maak soos jy smaak en Ek aanvaar jou soos jy is” nie. “Wat jy ook al gedoen het, Ek is bereid om jou te vergewe en om jou die krag te skenk om te verander” – dít was wel sy houding. Bybelwaarheid wat in alle nederigheid en met die gees van Christus oorgedra word – dít wen harte en verander lewens.

Hoe kan 'n mens iemand van harte aanvaar, maar nie sy sondige gedrag nie? Hoe gemaak om ontvanklik teenoor ander te wees maar terselfdertyd die goedkeur en duld van sonde te vermy?

Die Waarheid, oorgedra met liefde

Jesus het nie “ter wille van liefde” nagelaat om die waarheid oor te dra nie. Dit sou immers nie ware liefde gewees het nie. Om ander lief te hê, is juis om jou vir ander se beswil te beywer. Liefde en die waarheid is dus nie strydig nie. Om die waarheid in alle nederigheid en op ’n beleefde wyse oor te dra, is eintlik ’n liefdesgebaar. Jesus sê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe” (*Joh. 14:6*). Verlossing kom slegs deur Jesus (*Hand. 4:12*). Dit is deur sy genade dat ons gered word, sodat ons sy waarheid kan ken en ook sy lewe kan lei. Waarheid sonder liefde lei natuurlik tot ’n allesoorheersende wettiesheid, wat behoorlik die lewe uit ’n mens se geestelike pers. Eweneens lei “liefde” sonder die waarheid tot ’n niksseggende en stroperige verdraagsaamheid, en laat die mens doelloos ronddobber met geen sekerheid oor reg en verkeerd nie. Die waarheid wat met liefde oorgedra word, lei egter tot ware Christenskap. Dit is die soort wandel in Christus wat waarlik rigtinggewend is, wat ’n lewensdoel en sekerheid bring.

Lees 1 Petrus 3:15, 2 Timoteus 4:2, asook Titus 3:4 en 5. Die oordra van bybelwaarheid en die nederige aanvaarding van ander is ewe belangrik. Watter uitdrukkings/sinsnedes in die voorgesele skrifgedeeltes toon ’n balans tussen die twee?

Die Nuwe Testamentiese skrywers beklemtoon nie liefde meer as waarheid nie. Hulle skep ’n goeie ewewig tussen waarheid en liefde, die wet en genade, en eerlikheid en medelye. Petrus vermaan sy medegelowiges: “Wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is, met sagmoedigheid en vrees” (*1ste Sendbrief, hfst. 3:15, OAB*). Met ander woorde: jy moet weet wat jy glo, waarom jy dit glo, en jy moet beide aan ander kan oordra. Dit beteken natuurlik nie dat jy al die antwoorde het nie of dat jy ander tot jou oortuigings moet kan oorhaal nie. Dit beteken bloot dat jy “met sagmoedigheid en vrees” – oftewel op ’n nederige wyse en met die besef dat hierdie waarhede met die ewige lewe te make het – jou geloof kan oordra en met die Woord kan staaf. In dié verband moedig Paulus sy leerling-evangelis Timoteus aan: “Verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering” (*2 Tim. 4:2, OAB*). Voorts wys die apostel vir Titus daarop dat dit danksy die goeiehartigheid en liefde van God is dat die wedergebore Christen gered word (*Titus 3:5*). Ons is dus geroepe tot ’n liefdevolle oordra van die waarheid, in alle nederigheid en met ’n gees van genade. Die Heiland nooi ons om saam met Hom te werk, om sy eindtydboodskap te verkondig aan ’n wêreld wat vergaan sonder Christus, en om dit op ’n liefdevolle wyse en in ’n gees van aanvaarding te doen.

Gestel iemand vra jou waarom jy ’n Christen is. Wat gaan jy sê, en hoekom?

Vir verdere studie:

“In Christus is die skaapwagter se tederheid, die ouer se toegeneentheid, en die barmhartige Heiland se weergalose genade. Die seëninge wat Hy ons bied, laat Hy so aanloklik klink. Hy noem dit nie net op nie. Nee, daardie seëninge word op ’n interessante wyse oorgedra, op so ’n wyse dat dit die begeerte daartoe wek. Op ’n soortgelyke wyse moet elke medewerker van Christus die diepte van die rykdom van die onuitspreeklike gawe aan ander oordra. Die wonderbare liefde van Christus sal harte versag en onder sy invloed bring, waar die blote herhaal van leerstellings niks kan uitrig nie. [Dit is soos Jesaja tereg skryf]: ‘Troos, troos my volk, sê julle God’ en ‘O Sion, verkondiger van goeie nuus, klim op ’n hoë berg! O Jerusalem, verkondiger van goeie tyding, hef jou stem op met mag; hef dit op, wees nie bevrees nie! Sê aan die stede van Juda: Hier is julle God! Kyk, die Here Here sal kom as ’n Sterke, en sy arm sal heers; kyk, sy loon is by Hom, en sy beloning is voor sy aangesig. Hy sal sy kudde laat wei soos ’n herder; Hy sal die lammers in sy arm vergader en aan sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei’ (*hfst. 40:1 en verse 9-11*)” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 826, 827).

Vrae vir bespreking:

1. Dit is ongelukkig so dat sommige mense beter oor hulself probeer voel deur fout by ander te vind. Hoe gemaak dat hierdie ding nie ook in jou lewe posvat nie?
2. Oorweeg die volgende scenario: ’n Vriend keer terug na die begrafnis van ’n geliefde en sê: “My tannie is nou by Jesus. Die feit dat sy my nou vanuit die hemel sien, is waarlik vertroostend.” Na aanleiding van die beginsels wat ons in hierdie week se les bekyk het, is die vraag nou: hoe behoort ’n mens op daardie oomblik te reageer? Hoewel die toestand van die dode duidelik ’n belangrike bybelwaarheid is, is die bespreking van dié onderwerp dalk nie aan te bevele direk na ’n begrafnis nie, of hoe?
3. Bespreek die volgende stelling met die oog op ons getuienis vir Christus: “Die blote soeke na die kwaad in ander, gee daartoe aanleiding by diegene wat dit soek. Deur ’n behepthed met die dinge wat ander verkeerd doen, herskep die behepte hom- of haarself in ’n verkeerde beeld. Deur Jesus te aanskou, en deur sy liefde en volmaakte karakter te bespreek, word ’n mens egter na die beeld van Christus herskep. Deur ’n nastreef van die hoë ideale wat Hy vir ons koester, word die gelowige in ’n rein, verhewe en heilige milieu geplaas, en word ’n mens selfs tot in die teenwoordigheid van God gevoer. Wanneer jy jou daar bevind, gee jy lig. Dit is ’n lig wat uitstraal na almal met wie jy te doen het” (Ellen G. White, *Gospel Workers*, bl. 479).